FOKUS OP HUISDROME

Comfo Plush
FACTORY PRICE ONLY R1699
The Bed Shop
BEDS FOR ALL
DOUBLE BASE & MATRESS SET
• Made according to International specifications.
• All the beds are treated for bed bug and dust mites.
• Designed & constructed for long lasting durability and comfort.
LAY-BUYS AND CREDIT CARDS ACCEPTED
99-111 TRANSVAAL RD
KIMBERLEY
Tel/Fax: (053) 833-1541
Cell: 083 4682 707
DYNAMIC BEDDING
MANUFACTURED ACCORDING TO INTERNATIONALLY ACCEPTED SPECIFICATIONS

WINKEL-URE
Ma. – Vr. 07:30 – 17:00
Sa. 08:00 – 12:00
Tel. 054 3311436
Na-ure 082 376 5571
ORYX
Plumbing & Plumbware
Toekomsstraat 3, Upington
• 150l geiser R1 780,00
• 1,7m bad R505,00
• Verskeidenheid



VAN die gaste op die geselligheid van die Laerskool Kathu is van links mnr. Gielie Loots, voorsitter van die skoolbeheerliggaam, mnr. Peet Kotze, hoofbestuurder van Kumba Iron Ore Sishen (KIO), mnr. Chris Minnie, leier van die Kultuurpilaar, me. Anel Marias, openbare betrekkinge van KIO, mnr. André Vermeulen, besturende direkteur van Neuro-Link, mnr. Kobus Meyer, hoof van menslike hulpbronne by KIO en mnr. Hammies van Niekerk, hoof van die Laerskool Kathu.

# Kursus bevoordeel kinders

## *Toegerus om te leer deur middel van verstandprofiele*

KATHU. – Die verstand word hier behoorlik geprikkel met 'n tegnologiese verstand-gegronde skoolkursus, aangebied deur Neuro-Link by die Laerskool Kathu met die geldelike ondersteuning van Kumba Iron Ore, sê mnr. Hammies van Niekerk, skoolhoof.

Die doel van die kursus is om onderwysers en leerlinge toe te rus met van die beste opvoedkundige tegnologie ter wêreld.

Enige kind kan baat vind by die kursus, aangesien dit die leerlinge se verstandfiksheid verhoog, hulle help om die druk van hoë volumes inligting te kan verwerk, prestasie te verhoog, houdingsingesteldheid te verander en hulle help hoe om beter en vinniger te leer.

Van Niekerk sê die verstandprofiele van leerlinge en leerkragte is deur Neuro-Link ontleed en die verskillende vorms van leer is verduidelik. Die ontwikkelingsproses is aan die einde van Mei afgehandel.

Elke leerling en leerkrag is bemagtig met toerusting en inligting om die Laerskool Kathu iets besonders in die omgewing te maak.

Kumba-ysterertsmyn het die inisiatief onderneem om te verseker dat die onderwys en opvoeding op Kathu van wêreldklas-gehalte is.

Die myn beskou dit as 'n belegging in die kosbaarste hulpbronne waaroor hy beskik: sy mense en sy kinders.

Die kursus het die skool beter toegerus om gebalanseerde, doelgerigte kinders die wêreld in te stuur.

Van Niekerk sê die wonderlike geleentheid is met 'n geselligheid op 31 Mei afgesluit.

Village Palisade

DEON'S CARPETS
U Noord-Kaap verskaffers in vloerbedekkings
MATTE:
* ONDERVLOERVERHITTING